Sondag 13 Mei 2012

SKRIBA/KASSIER:
Leonie Spangenberg - 032 946 1198
kerkkantoor@noordkus.co.za
Posbus 6208, Zimbali, 4418

KERKKANTOOR URE:

Maandae:	10:00-15:00
Woensdae:	08:00-15:00
Dins., Don., Vrydae:	08:00-12:00

PASTORALE HULP:
Louis Nel -
032 946 1940 / 082 771 4925

LERAAR:
Ds. Alwyn Small -
032 525 8732 / 083 556 5837
leraar@noordkus.co.za

WOORD EN LIED:
Mariska Venter - 082 898 4376
mariska.venter@gmail.com

WEBWERF:
www. noordkus.co.za

DAGSTUKKIES:
www.dagstukkie.co.za

Gemeente Dagboek

Dinsdag 15 Mei
09:00 Dames Bybelstudie

Woensdag 16 Mei
06:25 Manne Biduur
18:00 Gemeentebestuur Vergadering

Donderdag 17 Mei
Hemelvaartdag
18:30 Hemelvaartdiens

Vrydag 18 Mei
17:30 Hettie Brittz—Vrouediens

Saterdag 19 Mei
11:30 Simunye ku Jesu Bybelstudie vir Huiswerkers

Sondag 20 Mei
08:00 Stanger Erediens
08:30 Ballito Erediens
18:00 Lofprysing

Sondag 27 Mei
Gemeente Broodbreek Ete na afloop van die Nagmaalsdiens

VERJAARDAE

13 Mei Elma Kriek

14 Mei Martin Bernardu
Ingrid Sobey
Barbara Volschenk

16 Mei Glen Burroughs
Eleanor Delport

17 Mei Frans Botha
Duann Brink
Leandre Pretorius

18 Mei Margariet Christie

19 Mei Amelia Moll
Justin Wicks

VOORBIDDING

Joan Krige (Gesondheid) – 032 946 1164
Joan Krige se seun wat gediagnoseer is met kanker.
Jaco Spangenberg (Gesondheid) - 079 805 2134
Annatjie van Coller (Gesondheid) – 032 946 2495
Marie Dirks (Gesondheid) - 082 899 8223
Kappie Smal (Gesondheid) - 082 444 0936
Magdaleen Bester (Gesondheid) - 032 946 0846
Martie Robertson wat aansterk na ‘n operasie - 032 5511502
Nic de Klerk wat aansterk na ‘n skouer operasie—082 575 6480
Anton Hauptfleisch wat aansterk na ‘n skouer operasie—032 946 0787
Anna Venter se kleinseun - 082 958 2049
Fred Visser se broer (kanker) - 082 451 1596
Isabel Joubert se broer (kanker) – 032 946 1632
Ingrid Sobeys se broer Fritz Thomashoff wat kanker het.
Calla van Tonder, Ina Coetzer se swaer, vir sy gesondheid.
Marie Markram wat gaan vir ‘n operasie—082 560 6898.

Hettie Brittz

Hoe om Vreesloos Vrou te Wees

Wanneer: 18 Mei 2012
Tyd: 17h30
Waar: NG Ballito Kerksentrum
Koste: R100 per persoon
(Sluit aandete in)

Vir meer inligting
skakel die kerkkantoor

ALGEMEEN

VROUEBEDIENING:

HAVEN OF REST

Dames stof af die breinaalde. Ons gaan truitjies brei vir Haven of Rest.

Ons gaan blokke brei en dan aanmekaar werk.

Daar is op die oomblik enkel bolle "Chick double knitting" beskikbaar by Checkers.

Breinaalde 3.75- 4.5mm.

WANNEER: Saterdag, 16 Junie om 9:30 by die kerk.

SIEN JULLE DAAR!!!!!

CD PREEKOPNAMES

Ons het weer begin om die preke op Sondae in Ballito op te neem om op CD beskikbaar te stel.

Preekopnames kan bestel word by die kerkkantoor, en kos R20.00 elk

MEI DAMES: TEE / BLOMME

Dames wat in Mei verjaar word versoek om asseblief met die sameroeper in verbinding te tree i.v.m. teeskink na die erediens of ‘n blommerangskikking vir die kansel. **Kontak Amelia Moll by 073 753 2562.**

KRUIDENIERSWARE WORD BENODIG VIR DIE KOSKAS

Ons doen ‘n beroep op gemeentelede om asb nie-bederfbare kruideniersware vir die aanvul van die koskas te skenk.

Daar is tans min voorraad oor en daar is ‘n groot behoefte binne sowel as buite ons gemeente - die ekonomiese klimaat van ons land het talle mense in ‘n groot krisis gedompel.

Bring dit saam kerk toe of laai dit by die kerkkantoor af. Kontant donasies vir aankope is ook welkom.

VROUBEDIENING: KOEKIEPROJEK

Nee moenie skrik nie, ons gaan nog nie begin nie - dis nog veels te warm.

Ons vra asseblief vir die dames wat belangstel om te help met die koekieprojek om met Anna -032 9460552 of 082 9852049 of Ella - 032 9463846 of 083 2839431 te skakel.
Moenie bang wees en sê ek kan nie koek bak nie, daar is baie ander dinge wat julle kan doen. Die koekies moet gerol, gebak en geplak word. Ons wil graag twee spanne saamstel. Dames dit is 'n heerlike projek. Ons nooi veral die nuwe dames in die gemeente om te kom kyk wat ons doen en so hegte vriendskappe sluit. Ons be-oog om op die 4de Junie te begin bak.

Kom dames kom ons bewys ons dankbaarheid teenoor die Here en laat ons 'n sukses van die projek maak.

"Al wat 'n mens in hierdie lewe nodig het om gelukkig te wees, is iets om te doen, iets waarop jy kan hoop en iemand om lief te hê." - Joseph Addison.

Tuinsig Versorgingseenheid benodig fondse vir opknappingswerk

Volgens ons Tuinsig woordvoerder, Ella Oosthuizen, is daar geweldig baie reparasiewerk aan die gebou in die versorgingseenheid wat gedoen moet word waarvoor hulle nie fondse het nie. Uit ons gemeente se begroting maak ons reeds ‘n groot verskil deur maandeliks kruideniersware en doeke aan te koop asook om goedjies te vervang wat reeds in ‘n slegte toestand is bv skinkborde, komberse, linne ens. Daar word egter nie in die begroting voorsiening gemaak vir reparasiewerk nie. Daar moet onder andere 10 deure vervang word en die kosyne en gange moet geverf word. Enige bydrae is welkom en sal ‘n groot verskil maak. Kontak asb die kerkkantoor of Ella Oosthuizen by 083 283 9431 vir meer besonderhede.

Hiermee wil ons ook baie dankie sê vir die bydraes wat ons ontvang vir die versorging van ons mense daar.

Bydraes kan in die volgende rekening inbetaal word:

NG Gemeente Noordkus
FNB Rek nr.: 53731659860
Takkode: 220129
Verwysing: Tuinsig Reperasie

TUINSIG VERJAARSDAG-LYSIE

Enige iemand wat ‘n pakkie koekies of beskuit wil bydra vir die verjaarsdag-lysie by Tuinsig kan asseblief vir Adri by 083 464 7067 of Wilma by 083 303 6598 skakel.

GEMEENTE BROODBREEK ETE 27 MEI

Liewe gemeente, ons nooi u almal hartlik uit om Sondag 27 Mei na afloop van ons Nagmaals geleentheid saam brood te kom breek en te kuier. Elke gesin word versoek om ‘n brood te bring met ‘n pateè of kaas of kouevleis of biltong of kaassmeer ens, enige iets wat lekker saam met brood gaan. Daar sal wel botter en konfyt voorsien word asook sap, koffie en tee.

Kom elkeen bring ‘n lekker tipe broodjie en ons kuier gesellig saam om ons Pinkster af te sluit.

CAMPUS CRUSADE GHOLFDAG: 30 MEI 2012

Ons nooi jou graag uit na ons Gholfdag op die 30ste Mei 2012. Indien jy nie daardie dag kan speel nie, maar tog graag deel wil wees van hierdie bediening kan jy ‘n putjie borg of pryse gee.

Plek:
Umhlali Country Club
Tyd:
11:30
Koste:
R190 per persoon
Prysuitdeling: 17:30

Borgskappe:
R1000 per gaatjie
R500 per Setperk
R500 per Bof

Ek wil ook vra dat jy asseblief hierdie uitnodiging aanstuur na ander wat graag gholf speel.
Baie dankie vir jou ondersteuning.

Vir meer besonderhede skakel:
Sarie de Jager - 083 622 1494
Arno de Wet - 032 525 8780.

SKOLLIEKAMPE

Matrieks,

die week
van jou lewe!!!
Skoolverlaterskamp
van Kwazulu-Natal

2 tot 8 Julie:
CSV Terrein -Winklespruit.
Waarborg: As jy die hele kamp bywoon en jy voel nie dit was die lekkerste en leersaamste week van jou lewe nie,
GEE ONS JOU GELD TERUG!

Skryf in:
www.skolliekampe.co.za
Navrae: 033 342 7900 /
marlise@ngkzn.org.za

STAP VIR BYBELS - 02 JUNIE 2012

Die Vrouediens bied hulle jaarlikse Familiestap vir Bybels aan op 2 Junie te Willard Strand en hulle versoek die gemeente om dié datum daarvoor te reserveer.

Deelnemers ontvang ‘n medalje.

Daar word ook verversings te koop aangebied

Datum: Saterdag 2 Junie
Begintyd: 07:30
Koste: R20 donasie
Kontak: Eloïse Human
082 462 7292

KATEGESE ROOSTER

13 Mei : Kinderkerk & Kategese

20 Mei : Kinderkerk & Kategese

27 Mei : Pinksterfees Nagmaal - Geen Kinderkerk, Jeug in Kerkdiens

3 Junie : Kinderkerk & Kategese

10 Junie : Kinderkerk & Kategese

17 Junie : Gesinsdiens - Geen Kinderkerk, Jeug in Kerkdiens

Voorskool tot Graad 6 : Kinderkerk & Kategese in Jeugsentrum tydens Erediens
Graad 7 - 11 : Kategese direk na erediens in Jeugsentrum

Kry die NG Kerk Noordkus Kommunikeerder

NG Kerk Noordkus het 'n kommunikasiekanaal ingestel wat landwyd deur verskeie skole en groot organisasies gebruik word. Dit bied aan u:

Die jongste gemeentenuus
Gebeure op die almanak
Kontakbesonderhede
Bruikbare inligting soos oordenkinge ens.
Fotos van gebeure in die gemeente.

Die NG Kerk Noordkus Kommunikeerder is 'n kragtige nuwe rekenaar kommunikasiestelsel. Jy kry die nuus soos wat dit gebeur sonder enige beslommernis. Jy kan self besluit wat jy wil ontvang en hoe jy dit wil gebruik. Jy kry slegs nuus wat vir jou van belang is. Dit is eenvoudig om te gebruik. Die Kommunikeerder werk op 'n rekenaar sowel as op selfone met internet toegang en is gratis.

Vir die rekenaar - Besoek:
http://www.d6technology.com/downloads.php?id=5299 om die NG Kerk Noordkus Kommunikeerder af te laai.

Vir die selfoon - Besoek:
http://mobi2.d6communicator.com om die NG Kerk Noordkus Kommunikeerder af te laai—Kies "**NG Kerk Noordkus**" en kliek op "**Submit**".

IN PAG

Met Jesus...

Dinsdag, 22 Mei om 18:00 in die Jeuglokaal.
Ons kyk ‘n kort dvd: Jerimaih’s call. Kom kuier saam.
Saterdag, 26 Mei om 10:00—STAP
Kry mekaar by die kerk.
Rustige stap in Kloof. Bring ‘n piekniekmandjie en stapskoene.

Almal tussen 17 – 30
kom skakel in vir 'n lewe
in Pag met Jesus.

“For I know the plans I have for you,” declares the LORD, “plans to prosper you and not to harm you, plans to give you hope and a future.”

Kontak: Ignes - 072 995 2873 / Tania - 082 718 2668

“*Like*” ook ons Facebook blad.

Geopende Deure

Sondag, 13 Mei—Tunisië

Nadat Moufid 'n Bybel in die hande gekry het, het hy tot bekering gekom. Hy was vir 'n jaar en half lank 'n volgeling van Jesus, voordat hy 'n medegelowige ontmoet het. Die vrede wat hy in Christus ontvang het, asook die daaglikse lees van die Woord, het hom deur hierdie tyd gedra. Bid vir Moufid en ander gelowiges soos hy; mag hulle net liewer en liewer vir Jesus word namate hulle tyd in die teenwoordigheid van die Here en Sy Woord deurbring. Bid dat gelowiges in Libië mekaar in liefde sal hanteer. Bid dat hulle verhoudings 'n voorbeeld vir ongelowiges sal wees. Bid ook dat talle ongelowiges sal honger en dors na die ware liefde wat slegs in Jesus Christus gevind kan word.

Maandag, 14 Mei—Libië

Bid dat gelowiges in Libië mekaar in liefde sal hanteer. Bid dat hulle verhoudings 'n voorbeeld vir ongelowiges sal wees. Bid ook dat talle ongelowiges sal honger en dors na die ware liefde wat slegs in Jesus Christus gevind kan word.

Dinsdag, 15 Mei—Colombië

José Miguel Izquierdo se vrou het hom verlaat nadat sy uitgevind het dat hy tot bekering gekom het. Sy is deur haar ouers gedwing om getrou vas te hou aan haar nie-Christelike gebruike. Hy maak tans hulle kinders self groot en hoop om sy lewe weer te herbou. Hy sou niks in sy lewe verander het nie, het hy gesê, ten spyte van die vervolging en die gevolge wat dit in sy lewe, asook sy gesin se lewens, teweeggebring het. Bid vir José en sy kinders; mag hierdie gesin groei in hul verhouding met die Here. Bid ook dat die Here versoening tussen José en sy vrou sal bewerkstellig.

Woensdag, 16 Mei—China

Boeddhisme en Panteïsme (die geloof dat alles 'n gees het) is die meerderheidsgelowe in Suidwes-China. Afgodery is dus diep gewortel in hulle kultuur en standbeelde baie algemeen. Buiten die godsdienstige skeidsmure, kan die kultuur en taal ook ontmoedigend wees vir ywerige bedieningswerkers. Bid dat die bedieningswerkers sal volhard om die onbereiktes in hierdie area te bereik met die Evangelie. Bid dat die Here die harte van die onbereiktes sal voorberei om die Goeie Nuus te ontvang.

Donderdag, 17 Mei—Afganistan

Bid vir wysheid en vir geleenthede vir die gelowiges in Afganistan om teenoor hul families van Jesus te getuig. Hulle ervaar geweldige weerstand vanaf hulle gesinne.

Vrydag, 18 Mei—Tadjikistan

Bid vir die bedieningswerk deur die plaaslike Tadjikse Christene teenoor gestremde mense, asook gesinne met Down-sindroom kinders. Mag die Here hierdie gesinne na Hom toe trek namate hulle Sy liefde ervaar deur die omgee en versorging van hierdie kinders.

Saterdag, 19 Mei—Turkmenistan

Bid vir talle Christengesinne in 'n klein dorpie in Turkmenistan. Die gemeenskap is vyandig jeens die Christene. Hulle dreig ook om hulle dood te maak indien die Christene hul kinders skool toe sou stuur. Hierdie gesinne getuig egter ook dat vervolging hulle geloof versterk. Bid dat die Here hul wysheid sal gee rakende hoe om hierdie situasie te hanteer, asook om moedig in die Here staande te bly.

Nuwe Lidmate

Alle nuwe intrekkers word hartlik verwelkom by NG Kerk Noordkus. Ons vertrou dat julle ’n baie geseënde verblyf in ons gemeente gaan hê.

Vul asseblief u naam en kontak-besonderhede in die boek voor in die portaal in. Vorms is ook beskikbaar na afloop van die diens vir volledige besonderhede wat vir ons gemeente se databasis benodig word.

Skakel ook met ons kerkkantoor indien julle jul attestate wil laat aanvra.

Vir enige navrae, kontak ons kerkkantoor, die leraar of die sameroeper van die Gemeente bedienings en erediens kommissie, Jacques Louw by:

032 946 3472
of
083 676 1998.

Handige Skakels

NG Kerk Noordkus webwerf:
http://noordkus.co.za

Dagstukkies:
http://dagstukkie.co.za

Durban Metropool Bediening:
Kyk wat gebeur in Durban Middestad!
Ook nuus van gebeure in die gemeentes van die Durban Ring, waarvan ons gemeente deel is.
Kursusse aangebied ens.
http://durbanmb.co.za

NG Kerk Amptelike Webwerf:
http://www.ngkerk.org.za

Lig Tydskrif:
http://www.lig.co.za

Die Kerkbode:
http://www.kerkbode.co.za

Radio Kansel:
http://www.radiokansel.co.za

Jerigo Mure:
http://www.jwipn.com

Eg Afrikaans Geselsbrief:
http://www.egafrikaans.co.za

Rubrieke, interessante artikels en nuusbriewe:
http://noordkus.co.za/rubrieke.html

Argief van vorige uitgawes van Woord en Lied asook vorige reekse dagstukkies: http://noordkus.co.za/argief.html

E-Posduif
Nuusbrief van NG Sinode KZN
http://noordkus.co.za/rubrieke.html/Posduif-5

Gratis Nuusbrief-diens van al die sinodes van die NG Kerk: *Kerk e-Nuus*
Http://www.kerkenuus.co.za

Om die Kommunikeerder op jou selfoon te ontvang:
http://mobi2.d6communicator.com/